

# "U GOD IS MY GOD."

## DIE STORIE VAN RUT

### Tema: U God is my God...Die storie van Rut Episode 5: Toeval, God en om alles te los

**Eerste bedryf: Rut 1** – Hongersnood en 'n familiekrisis.

**Tweede bedryf: Rut 2:1-16** – Rut tel are op in Boas se land. Daar is 'n ou gesegde wat sê: "*Toeval is 'n wonderwerk waarin God verkies om anoniem te bly.*"

**Derde bedryf: Rut 2:17-23** – Rut deel die spandabelrige oorfloed wat sy ontvang het met haar skoonma Naomi en raak 'n kanaal van God se oorvloedige genade.

#### **Vierde bedryf: Rut 3:1-18**

Naomi, die *matchmaker*, daag Rut uit om die mees riskante ding ooit te doen: om as vrou na die plek van die mans (dorsvloer) te gaan, en haarself beskikbaar te stel...Sy neem dit verder. Sy maak 'n huweliksaanbod en daag Boas uit om sy lossers rol op te neem.

#### **Vyfde Bedryf: Rut 4:1-12 Die lossingsprosedure. Huwelik.**

#### **V1,2**

**Stadspoort** – dit was die kern van die stad, stadsplein, die vergaderplek,

bymekaarkomplek – samedromming van die mense. Dit het as die stadsaal van die stad/dorp gedien waar belangrike sake bespreek is. Hofsake is ook hier hanteer, saketransaksies is hier beklink.

**Juis toe** – Hebreeuse woord *hineni*, in engels vertaal met *Behold, let nou mooi op, ek is hier...hineni* word hier soos in 2:4 gebruik om die *toevalligheid* van die situasie aan te dui. Wat is die kans dat Boas, binne die skare mense op die stadsplein op die spesifieke oomblik die *losser* raaksien.

#### **Losser**

*Lossingsreg in Ou-Israel*: lede van die groter familiegroep was verplig om mekaar te help en te beskerm. 'n Losser moes verarmde familielede wat skuldslawe geword het, loskoop en weer hulle grond aan hulle teruggee. Vroue het nie eiendomsreg gehad nie. Wanneer 'n vrou haar man verloor het en soos in die geval van Naomi ook haar seuns wat haar moes versorg, was dit ook 'n losser wat die grond in die familie moes hou en vir die weduwee sorg.

### **“Kom sit hier, my vriend.”**

In die oorspronklike teks staan ook *so-en-so van 'n sekere plek* –die skrywer verswyg sy identiteit met 'n rede.

**Tien leiers** – dit is opvallend dat Boas ook baie vinnig 10 oudstes, leiers bymekaar kry, wat nodig was om die transaksie wat volg, te bekragtig. Hy dwing duidelik respek in die gemeenskap af.

Mens kan maklik vinnig oor hierdie eerste 2 verse en die toevalligheid wat hier plaasvind lees. Maar hierdie toevalligheid, *hineni* wil ons die onsienlike genade van God laat raaksien – *let nou mooi op...*

**V3,4** Boas was 'n man van integriteit. Hy misbruik nie sy invloed om die situasie te manipuleer sodat hy Naomi se grond kan koop nie. Nee, hy is bo verdenking en gee die eerste lossers die eerste kans.

**V 5,6** Rut die Moabitiese weduwee is Boas se troefkaart. Die lossers het kans gesien vir die grond, maar nie vir die koste wat daarmee saamkom nie. Die reputasie van 'n Moabitiese vrou wat hy op die koop toe kry en die verantwoordelik daarmee saam om Elimelek en Maglon se naam te laat voortleef, was 'n te hoë groot prys.

**V 7-10** alles/ ook die Moabitiese vrou Rut

Boas staan as lossers in duidelike kontras teenoor die naamlose lossers, wat ironies sy naam wou beskerm en ons nooit weer van hom hoor nie...

Boas is bereid om te doen waarvoor die eerste lossers nie kans sien nie. Hy koop die grond, en trou met die Moabitiese weduwee Rut om 'n nageslag te verseker en die naam van Elimelek en Maglon te laat voortleef. Deur hierdie daad bring hy ook die vreemdeling, die verworpeling in die volksmond, in die gemeenskap in. Boas gee dus alles prys twv Elimelek se familie en die vreemdeling...

Daar is iewers nog so IEMAND wat alles los...

### **Om oor na te dink en vir saamgesels in kleingroepe**

- Dink na en gesels met mekaar oor die toevallighede in jou lewe wat eintlik God is wat agter die skerms werk.
- Lees **Fil 2:5-8** oor 'n ander *LOSSERS* en sy prysgawe twv die wêreld.
- Wat moet jy los vir 'n medemens wat dalk eerder iets moet wen?

<sup>18</sup>Naomi antwoord: “My dogter, wag nou maar totdat jy weet hoe die saak uitval. Die man sal nie tot rus kom tensy hy die saak vandag nog afhandel nie.”

In Rut 3 sien ons hoe *chesed liefde* absoluut gestalte vind in verskillende uitdrukkings:

- In geduld (Patience)
  - In versorging en voorsiening (Provide)
  - In beskerming (Protection)
  - In heiligheid (Pure)
- In prysgawe (price)